



GESKIEDENIS

Die reise van Dias en Da Gama

Graad 6

Week 10: 26 Junie

Roetes van die reisigers

In hierdie eenheid het jy geleer van die roetes wat Dias en Da Gama geseil het. Jy het ook geleer dat Dias naby die kus geseil het terwyl Da Gama dieper in die see gevaar het.

Redes waarom Dias naby die kus geseil het:

- Om met navigasie te help en seker te maak dat die skepe nie verdwaal nie moes hy heeltyd die kuslyn in sig hou.
- Om maklik na die kus en veiligheid te kon vaar indien daar slegte storms op pad was.


Redes waarom Da Gama dieper in die see gevaar het:

- Da Gama het 10 jaar na Dias sy reis begin, daarom het hy geweet watter roete om te neem.
- Da Gama het uit Dias se ervaring geleer.



Voltooi Aktiwiteit 5 in jou Algemene Skryfboek.
Die gevallestudie is op p. 15.

Opskrif: Aktiwiteit 5 p. 16



Eenheid 7: Dias ontmoet die Khoikhoi

Toe Bartholomeus Dias en sy bemanning in Februarie 1488 by Mosselbaai aangegaan het, op pad na die Ooste, het hulle hul eerste ontmoeting met die Khoikhoi gehad. Die Khoikhoi-veewagters het hul beeste versorg. Dit was die heel eerste kontak tussen Europeërs en Suid-Afrikaners.

Wat het gebeur toe Dias en sy bemanning die Khoikhoi teëgekom het?

Toe Dias en sy bemanning by Mosselbaai aangekom het, was hul reeds maande lank op die see. Hulle het gelewe van gesoute en gepreserveerde kosse. Die gedagte aan vars melk en vleis wat hulle van die veewagters se beeste kon kry was vir hul uifers aanloklik. Hulle het ook dringend varswatervoorrade nodig gehad. Die matrose het water uit die fontein by Mosselbaai gaan haal.

In Khoi-samelweings het die waterpunte aan die mense behoort wat die waterpunt opgepas het. Ander mense wat die watergat wou gebruik, moes toestemming vra en soms ook 'n geskenk aanbied. Nadat die matrose water geneem het, het hulle probeer verduidelik dat hulle wel geskenke wou aanbied, maar die Khoi het hul gebare en uitroepe misverstaan. 'n Geveg het ontstaan en die Khoi het die matrose met klippe gegooi. Die geveg het tot 'n einde gekom toe Dias een van die veewagters met sy kruisboog doodgeskiet het.



EENHEID 8: VOC-reise

Van al die seehandelsmaatskappye gedurende die 17de en 18de eeue was die Hollands Oos-Indiese Kompanjie die suksesvolste. Die VOC is in 1602 gestig. Elke jaar het die VOC ongeveer 30 skepe gestuur om in die Ooste handel te dryf.

Watter soort lewe het die matrose aan boord van die VOC-skepe gehad?

Die lewe aan boord van die VOC-skepe was swaar. Daar was streng reëls wat die matrose moes gehoorsaam sodra hulle aan boord gekom het. Seereise het maande of selfs jare geduur. Matrose was nooit seker presies wanneer hulle hul bestemming sou bereik nie.



Watter ontberinge het die matrose tydens hulle lang seereise ondervind?

- Kwaai storms kon die skepe van koers af waai.
- Seerowers kon die skepe aanval en die vrag steel.
- Matrose moes op seile staatmaak en hoop dat die wind in die regte rigting waai.
- Bemanning het soms bang en moeg geraak. Hulle kon opstandig raak en weier om verder te seil.
- Bemanning het in beknopte en onhigiëniese toestande onder die dek gewoon.
- Daar was geen slaapsale of private kamers vir die matrose nie. Daar was hoegenaamd geen privaatheid nie.

(volgende skyfie)



- Kos was van 'n swak gehalte en daar was nie genoeg vars water en kos nie. Vars kos het vinnig in die warm weer verrot. Hulle moes baie nie-bederfbare kosse eet.
- Rotte wat siektes soos builepes gedra het, het soms die skepe ingeneem. Rotte en torre kon die kos eet en matrose siek maak.
- Bemanning het nie geweet hoe om oordraagbare siektes te voorkom nie. Onhigiëniese omstandighede het tot siektes soos tifuskoors gelei. Skeurbuik en ingewandskoors was ook algemeen.
- Die manne se persoonlike higiëne het ontbreek omdat hulle hulself, hul klere en beddegoed selde kon was.
- Hulle is aan alle soorte weersomstandighede blootgestel: son, wind, reën, storms.
- Gevegte het soms aan boord uitgebreek en dan is die matrose kwaai gestraf.
- Elke skip het 'n snydokter aan boord gehad, maar hy was gewoonlik te besig om toereikende versorging aan die siektes te bied.



Dankie!

Jy het al jou aanlyn werk vir
Geskiedenis afgehandel.

Ek sien BAIE uit daarna om julle
weer by die skool te sien op 6 Julie!

